# OFFICIAL GAZETTE

## EXTRAORDINARY

### of South West Africa.

Published by Authority.

## BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

### van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

1/- Tuesday, 16th May, 1933. WINDHOEK Dinsdag, 16 Mei 1933. No. 512

The following Draft Ordinances which will be introduced during the Fifth Session of the Second Legislative Assembly are published for general information.

H. P. SMIT,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

---

*Page.*

Stock Brands Ordinance Amendment Ordinance, 1933 . 8475

Cigars and Cigarettes Sales Tax Amendment Ordinance, 1933 . . . . . . . . . . 8475

Die volgende Ontwerpordonnansies, wat gedurende die Vyfde Sessie van die Twede Wetgewende Vergadering voorgelê sal word, word vir algemene informasie gepubliseer.

H. P. SMIT,
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Administrateurskantoor,
Windhoek.

---

*Bladsy.*

Veebrandmerke-Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1933 . 8475

Sigare en Sigarette Verkoopsbelasting Wysigingsordonnansie 1933 . . . . . . . . . . 8475

# DRAFT ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the branding of stock.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Sub-section (1) of section *eleven* of the Stock Brands Ordinance, 1931 (Ordinance No. 8 of 1931), is hereby repealed and the following new sub-section substituted therefor:—

"11. (1) When an animal is branded with a registered brand for the first time, the brand shall be placed upon the left hind thigh.

If for any reason it becomes necessary to brand stock which have already been branded, the new brand shall be placed:

(a) on a second branding on the left shoulder,

(b) on a third branding on the left side of the neck,

(c) on a fourth branding on the right hind thigh,

(d) on a fifth branding on the right shoulder,

(e) on a sixth branding on the right side of the neck

Provided that where animals have been branded with a registered brand, in accordance with the original provisions of sub-section (1) of section *eleven* of the Stock Brands Ordinance, 1931 (Ordinance No. 8 of 1931), the said provisions in so far as they relate to the method and order of branding, shall continue to apply."

2. This Ordinance may be cited as the Stock Brands Ordinance Amendment Ordinance, 1933.

# ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet betreffende die brandmerking van vee.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Subartikel (1) van artikel *elf* van die Veebrandmerke-Ordonnansie 1931 (Ordonnansie No. 8 van 1931) word hierby herroep en deur die volgende nuwe subartikel vervang:—

"11. (1) Wanneer 'n dier met 'n geregistreerde brandmerk vir die eerste maal gebrandmerk word, moet die brandmerk op die linker bout gesit word.

As dit om enige rede nodig word om vee te brandmerk, wat alreeds gebrandmerk is, moet die nuwe brandmerk gesit word—

(a) by 'n twede brandmerking op die linker blad;

(b) by 'n derde brandmerking op die linkerkant van die nek;

(c) by 'n vierde brandmerking op die regter bout;

(d) by 'n vyfde brandmerking op die regter blad;

(e) by 'n sesde brandmerking op die regterkant van die nek.

Met dien verstande dat, waar diere ooreenkomstig die oorspronklike bepalings van subartikel (1) van artikel *elf* van die Veebrandmerke-Ordonnansie 1931 (Ordonnansie No. 8 van 1931), met 'n geregistreerde brandmerk gebrandmerk is, genoemde bepalings sover as wat hulle betrekking het op die metode en orde van branding, verder van toepassing sal bly."

2. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Veebrandmerke Wysigingsordonnansie 1933.

# DRAFT ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the imposition of a tax on the sale of cigars and cigarettes.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression "the principal law" means the Cigars and Cigarette Sales Tax Ordinance, 1931 (Ordinance No. 1 of 1931).

2. Section *one* of the principal law is amended by deleting the definition of "cigars" occurring therein, and the words "cigars and" where they occur in the definition of "nett weight" therein.

3. Section *two* of the principal law is amended by deleting the words "cigars or" where they occur in the second line thereof; the words "cigars and" where they occur in the fourth line thereof; the words "in the case of cigars, to six shillings on every pound nett weight or fraction thereof, and, in the case of cigarettes" where they occur after the words "shall amount" in the fifth line thereof; and the words "cigars or" where they occur in the last line thereof.

4. Section *three* of the principal law is hereby repealed.

5. Section *five* of the principal law is hereby repealed and the following new section substituted therefor:

"5. (1) No licensee or other person shall sell, or attempt to sell, or have in his possession for the purpose of sale, whether by wholesale or retail, or, except in the case of a *bona fide* traveller as provided in section *nine*, import into the Territory any cigarettes except in an unbroken container and unless such container has been stamped in the manner prescribed by regulation with a stamp of the value equivalent to the sales tax payable on the contents of the container, and is marked as prescribed by section *seven* with the nett weight or the number of the cigarettes contained therein.

# ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet betreffende die oplegging van 'n belasting op die verkoping van sigare en sigarette.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking "die hoofwet" Die Sigare en Sigarette Verkoopsbelasting Ordonnansie 1931 (Ordonnansie No. 1 van 1931).

2. Artikel *een* van die hoofwet word gewysig deur skrapping van die definisie van "sigare" wat daarin voorkom, en die woorde "sigare en" waar hulle voorkom in die woordbepaling van "nettogewig" daarin.

3. Artikel *twee* van die hoofwet word gewysig deur skrapping van die woorde "sigare of" waar hulle in die derde reël daarvan voorkom; die woorde "sigare en" waar hulle in die vyfde lyn daarvan voorkom; die woorde "in die geval van sigare, ses sjielings op elke pond nettogewig of breuk daarvan, en in die geval van sigarette" waar hulle na die woord "bedra" in die sesde lyn daarvan voorkom, en die woorde "sigare of" waar hulle in die laaste reël daarvan voorkom.

4. Artikel *drie* van die hoofwet word hierby herroep.

5. Artikel *vyf* van die hoofwet word hierby herroep en deur die volgende nuwe artikel vervang:—

"5. (1) Geen lisensiehouer of ander persoon mag enige sigarette verkoop of probeer verkoop of in sy besit hê vir die doel om te verkoop, hetsy by die groot maat of by die klein maat, of, met die uitsondering van die geval van 'n *bona fide* reisiger soos bepaal in artikel *nege*, in die Gebied invoer nie behalwe in 'n ongeskonde houer en tensy sodanige houer op die wyse, voorgeskrywe deur regulasie, beplak is met 'n seël van 'n waarde, wat ekwiwalent is met die verkoopsbelasting, wat op die inhoud van die houer betaalbaar is, en wat, soos by artikel *sewe* voorgeskrewe, gemerk is met die nettogewig of die getal van die sigarette daarin bevat.

(2) All cigarettes in respect of which there has been any contravention of this section shall be forfeited."

6. Section *seven* of the principal law is hereby repealed and the following new section substituted therefor:

"7. Every container containing cigarettes sold, or attempted to be sold, or kept for the purpose of sale, whether by wholesale or retail, or, except in the case of a *bona fide* traveller as provided in sub-section (1) of section *five*, imported into the Territory shall, at the option of the person liable to pay the tax, be marked with the true number or the nett weight of the cigarettes contained therein."

7. Section *eight* of the principal law is amended by deleting the words "cigars or" where they occur therein.

8. Section *nine* of the principal law is amended by deleting the words "or cigars" where they occur after the words "any cigarettes" in the first paragraph thereof; and the words "a quantity of cigars not exceeding twenty-five in number, or" where they occur in the second and ultimate paragraph thereof.

9. Section *ten* of the principal law is amended by deleting the words "cigars or" where they occur in sub-section (c) thereof.

10. This Ordinance shall be read as one with the principal law, and may be cited as the Cigars and Cigarettes Sales Tax Amendment Ordinance, 1933.

(2) Alle sigarette, ten opsigte waarvan daar enige oortreding van hierdie artikel was, word in beslag geneem."

6. Artikel *sewe* van die hoofwet word hierby herroep en deur die volgende nuwe artikel vervang:—

"7. Elke houer, wat sigarette bevat wat verkoop is of in verband waarmee pogings gemaak word om te verkoop, of wat gehou word met die doel om hulle te verkoop, hetsy by die groot maat of by die klein maat, of, met die uitsondering van die geval van 'n *bona fide* reisiger soos bepaal in subartikel (1) van artikel *vyf*, in die Gebied ingevoer word, moet na keuse van die persoon wat verplig is om die belasting te betaal, met die ware getal of die nettogewig van die sigarette daarin bevat, gemerk word."

7. Artikel *agt* van die hoofwet word gewysig deur die skrapping van die woorde "sigare of" waar hulle daarin voorkom.

8. Artikel *nege* van die hoofwet word gewysig deur skrapping van die woorde "of sigare" waar hulle na die woorde "enige sigarette" in die eerste paragraaf daarvan voorkom en die woorde "'n hoeveelheid van hoogstens vyf-en-twintig sigare of" waar hulle in die tweede en laaste paragraaf daarvan voorkom.

9. Artikel *tien* van die hoofwet word gewysig deur skrapping van die woorde "sigare of" waar hulle in subartikel (c) daarvan voorkom.

10. Hierdie Ordonnansie moet as een gelees word met die hoofwet en kan aangehaal word as die Sigare en Sigarette Verkoopsbelasting Wysigingsordonnansie 1933.

*John Meinert Ltd., Windhoek.*